# Aanhalingstekens


Naam:

Die aanhalingsteken word in Afrikaans slegs gebruik

1. in die direkte rede en
2. wanneer jy wil aandui dat jy woorde uit 'n ander teks aangehaal (afgeskryf) het.

Kom ons kyk na voorbeelde van aanhalingstekens in aksie:

1. In die direkte rede skryf ons altyd die aanhalingstekens voor die eerste woord wat die persoon sê, en na die leesteken wat aan die einde van die sin of paragraaf wat die persoon gesê het, staan. Lees deur die voorbeeld en omkring die aanhalingstekens:




Juffrou sê: "Jy moet aanhalingstekens gebruik wanneer jy iets oorskryf in die direkte rede."
"Ek sal nie vergeet nie, Juffrou!" antwoord Christiaan.
"Is julle seker julle verstaan?" vra Juffrou. Die klas antwoord: "Ja, ons belowe, Juffrou."

GRAAD 4

Graad 4 Afrikaans Eerste Addisionele Taal Kwartaal 2 Week 5 & 6: Eenheid 8: Verbeeldingstories: Spelling en punktuasie: Aanhalingstekens

2. Aanhalingstekens word gebruik wanneer jy iemand anders se geskrewe woorde gebruik, byvoorbeeld feite wat jy uit ŉ artikel afskryf in een van jou take. Lees deur die voorbeeld en omkring die aanhalingstekens:



Ek lees in die koerant, die "strande gaan oorvol wees" volgens die strandwagte.

**Voltooi die aktiwiteit**

Vul die ontbrekende aanhalingstekens in.

1. Frederik Flap gil: Moet my asseblief nie eet nie!
2. Sien jy die Melkweg? vra die dogtertjie.
3. In die koerantartikel Kat en seemeeu word groot vriende word daar vertel hoe Katja en Frederik mekaar ontmoet het.
4. Mamma sê: Smeer eers sonbrandroom aan voordat jy in die see gaan swem.
5. Die Melkweg skyn helderder as ooit is vandag se voorbladnuus in die koerant.
6. Hoekom hou jy van die smaak van spek? vra Frederik Flap vir Katja.

# Memorandum

1. Frederik Flap gil: "Moet my asseblief nie eet nie!"
2. "Sien jy die Melkweg?" vra die dogtertjie.
3. In die koerantartikel "Kat en seemeeu word groot vriende" word daar vertel hoe Katja en Frederik mekaar ontmoet het.
4. Mamma sê: "Smeer eers sonbrandroom aan voordat jy in die see gaan swem."
5. "Die Melkweg skyn helderder as ooit" is vandag se voorbladnuus in die koerant.
6. "Hoekom hou jy van die smaak van spek?" vra Frederik Flap vir Katja.

© e-classroom